NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 19 – Uitgawe 19
21 Mei 2026

# VTT 2026: Blymoedig Kerkwees – Verbeelding en Innovasie

**Ek het onlangs gelees van 'n predikant wat teleurgesteld was oor 'n gemeente in haar denominasie. Hierdie gemeente was in die middestad en het hul naam op só 'n manier verander dat die denominasie nie maklik uit die naam afgelei kon word nie. Die rede was eenvoudig: die gemeenskap wou kwansuis nie daardie kerk as gevolg van die naam besoek nie. Dit het my laat wonder… Wat sê en dink die gemeenskap vandag van die naam Hervormde Kerk of NHK voor 'n gemeentenaam? Is daar dalk lidmate wat skaam is vir hierdie naam? Vertel hierdie naam iets van die verlede, of dalk iets van die toekoms? Watter taal praat die NHKA? Is dit die taal van 'n kerk wat besig is om haar deure te sluit? Is dit 'n verbeeldinglose taal? Kan innovasie ook deel word van die bediening?**

In hierdie veranderende wêreld is ek oortuig dat die NHKA steeds 'n baie belangrike rol kan speel in elke dorp, gemeenskap en selfs in die buiteland. Maar dit vra van ons om nuut oor kerkwees te dink. Nie om die evangelie te verander nie, maar om met vars verbeelding en nuwe moed te vra hoe ons die evangelie in hierdie tyd moet leef en kommunikeer.

In 'n voordrag wys dr Thomas Long daarop dat niemand regtig weet hoe die kerk oor 50 jaar gaan lyk nie. Wat wel seker is, is dat dit nie gaan lyk soos dit vandag lyk nie. Hy skryf die uitdaging van ons tyd toe aan die feit dat baie kerke die *verbinding* met hul geskiedenis en identiteit verloor het. Hy meen egter dat die antwoord nie bloot in beter bemarking lê nie, maar wel daarin dat die kerk weer moet leer om met die verbeelding van Jesus self te kyk.

Long gebruik die begrip *paraboliese verbeelding* – die vermoë om die wêreld deur die oë van Jesus se gelykenisse te sien. Volgens hom vra die kerk van die toekoms nie net: *Wat sou Jesus doen?* nie, maar eerder: *Wat sou Jesus raaksien? Wat sou Jesus verbeel?* Dit is juis hierdie tipe vrae wat in ons visier is vir die VTT van 2026. Die HTK en dosente van die Kerk het die tema *Blymoedig Kerkwees: Verbeelding en Innovasie* geïdentifiseer.

Tydens 2026 se VTT gaan ons op streeksvlak saamgesels oor:

- Innovasie, taalgebruik en verbeelding.
- Wanneer verbeelding bediening word.
- Hoe metafore die kerk se denke en bediening vorm.
- KI in die bediening: die uitdagings en moontlikhede daarvan.

Verder sal daar werkswinkels wees waar predikante vaardighede kan aanleer oor hoe innovasie sinvol binne die bediening van die kerk aangewend kan word (onthou asseblief jou skootrekenaar of tablet).

Miskien lê die uitdaging van ons tyd nie daarin om bloot nuwe programme te skep nie, maar eerder om weer met blymoedigheid en geloof te leer droom oor wat God nog met sy kerk kan doen. Want die kerk leef uiteindelik nie uit vrees vir die toekoms nie, maar uit die verbeelding van die evangelie.

**Dr Hein Delport**
**(Hoof: Hervormde Teologiese Kollege)**

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting en voorwaardes.

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

## Lief en leed

- Ons dink aan al die lidmate wat in **stormgeteisterde gebiede** is. Ons bid vir julle veiligheid en vir die vinnige herstel van die infrastruktuur. Die Diakonale Noodfonds het reeds begin met uitbetalings om lidmate by te staan.

  Lesers kan help deur 'n **bydrae tot die Diakonale Noodfonds te maak:**
  Rekeningnaam: Raad van Finansies
  Rekeningnommer: 020000287
  Bank: ABSA
  Takkode: 632005
  Verwysing: 16RAMP + Naam

  Vir meer inligting, kontak vir ds Gerhard Stoltz (**gerhard@nhk.co.za**) of dr Martin Jansen van Rensburg (**mvr@nhk.co.za**).



Ds Francois Evert

- **Ds Francois Evert** (Declercqville/Hartbeesfontein) het verlede Sondag 'n **hartaanval** tydens die erediens gekry. Hy het in die week 'n **hartomleiding** ondergaan, en ons bid vir sy spoedige herstel.




Mev Vuyiswa Vivienne Madlala

- Die Kerk betuig haar simpatie met **ds Oscar Madlala** (MRCC) en sy familie met die **afsterwe** van sy moeder, **mev Vuyiswa Vivienne Madlala**, op 15 Mei.

- **Die volgende predikante verjaar tot 29 Mei. Die Kerk wens u 'n geseënde lewensjaar toe.**
  - Woensdag 20 Mei: Dr PJ (Piet) van Zyl (emeritus), en ds HJ (Hendrik) Odendaal (emeritus)
  - Saterdag 23 Mei: Ds CJ (Johann) de Bruin (siekte-emeritaat)
  - Sondag 24 Mei: Dr RJ (Robert) Jones (Derdepoort/Villieria)
  - Maandag 25 Mei: Di RP (Rudi) Botha (emeritus/Wesmoot), JJC (Johan) Koekemoer (Marle Hall), en DJD (Danie) Taljard (Sionshoogte)
  - Dinsdag 26 Mei: Ds J (Jackie) Dippenaar (Pretoria-Oos)
  - Woensdag 27 Mei: Dr PL (Piet) Steenkamp (emeritus)

## Gemeentes en bediening

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Kommissie van die Algemene Kerkvergadering** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) asseblief **teen 25 Mei** bereik vir die vergadering van **4 en 5 Junie**. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.

- Die **25-jarige ampsjubileum** van **ds Andre Oberholzer** (Witbank-Noord) vind op 30 Augustus om 09:00 by Gemeente Witbank-Noord plaas. RSVP asseblief teen 25 Augustus by **sandra.nhk@web4us.co.za** as u die geleentheid wil bywoon.

## Werkgeleenthede

- **Werkgeleentheid vir junior ouditklerk**
  Die Nederduitsch Hervormde Kerk is op soek na die dienste van 'n junior ouditklerk by die Ouditafdeling in Pretoria.

  **Vereistes van die pos:**
  - Matriek
  - Basiese rekeningkundige kennis en/of ervaring
  - Kennis van SAGE One en/of Pastel sal 'n groot aanbeveling wees.
  - Moet rekenaarvaardig wees in ten minste Microsoft Office
  - Moet ten volle tweetalig wees
  - Moet oor 'n geldige rybewys beskik

**Verder moet die kandidaat:**

- Pligsgetrou wees
- Oor die vermoë beskik om as lid van 'n span te kan funksioneer
- Oor goeie kommunikasie- en organisasievaardighede beskik

Onderhandelbare salaris met normale diensvoorwaardes.

**Sluitingsdatum:** 31 Mei 2026

**Aansoeke moet gerig word aan:** Mev AW Short, **annelie@nhk.co.za**, 012 322 8885

- **Werkruimte vir deelsorgbediening: Gemeente Wonderboompoort**

Gemeente Wonderboompoort is geleë in Eloffsdal, Pretoria, en beskik oor 'n vakante deelsorgbedieningposisie wat nie aan 'n ouderdomsprofiel gekoppel is nie. Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante en proponente van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA).

Die gemeente het 148 belydende lidmate en 12 dooplidmate. Die meerderheid van die lidmate is tussen die ouderdomme van 59 tot 94 jaar.

**Vereiste:**
Ons is op soek na 'n dinamiese en roepinggedrewe persoon wat met passie in 'n gemeente wil dien. Die gemeente is toegewyd aan die erediens en die verkondiging van God se Woord. Die posisie is ideaal vir iemand wat 'n lewende verhouding met Jesus Christus en 'n liefde vir mense het. Bybelse waarhede en gemeenskapsbetrokkenheid in ooreenstemming met ons geloofsbeginsels is 'n vereiste.

Verantwoordelikhede sluit bedieningswerk in soos uiteengesit in die Kerkorde van die NHKA (preekbeurte en eredienste), pastorale sorg en besoeke soos benodig, deelname aan gemeenteaktiwiteite en strategiese beplanning. Eie vervoer is noodsaaklik.

**Kerkgebou en pastorie:**
Gemeente Wonderboompoort beskik oor 'n kerkgebou en saal en is geleë te Mansfieldlaan 624, Eloffsdal, Pretoria. Daar is nie 'n pastorie beskikbaar nie. Die SP Engelbrecht-museum is op dieselfde perseel geleë.

**Vergoeding:**
Die gemeente kan die predikant vergoed met 'n totale pakket van R480 000.00 per jaar (onderhandelbaar) plus 'n jaarlikse vakansietoelae van R40 000.00. Behuising- en voertuigtoelae asook 'n datapakket is ingesluit.

**Leraarsprofiel:**
Die Hervormde identiteit en etos is vir die gemeente belangrik. Die Etiese Kode van die Kerk moet streng nagevolg word. Teologiese opleiding en ondervinding in gemeentebediening geniet voorkeur.

**Aansoeke:**
Sou u belangstel, stuur u CV (met VBO-krediete), 'n kort geloofsgetuienis en verwysings na die SGB-verteenwoordiger en -fasiliteerder, dr Hannes Janse van Rensburg (**hannessgb@nhk.co.za**). **Aansoeke sluit op 1 Junie.** Diensaanvaarding sal wedersyds onderhandel word.

Die kerkraad behou die reg voor om 'n kortlys saam te stel vanuit die aansoeke wat ontvang is en is nie verplig om een van die aansoekers te beroep nie en het ook die keuse om 'n predikant van sy keuse te beroep. Aansoekers sal verwittig word wanneer die beroep uitgebring word.

- **Werkgeleentheid vir kerkbeampte**

  Gemeente Pretoria wag aansoeke in vir 'n **kerkbeampte.** Die gemeente het bedieningspunte in Rivieria en Wonderboom-Suid. Die kerkkantoor is in Wonderboom-Suid se kerkgebou geleë. **Posaanvaarding is 1 Julie 2026** en die werksure is van 08:00 tot 13:00 vir vier werksdae per week. Die posbekleër moet ook twee aande per maand beskikbaar wees vir vergaderings.Die pligte behels kantooradministrasie en is ondersteunend van aard.

  **Vereiste:**
  Vorige ervaring in die werking van 'n kerkkantoor sal 'n aanbeveling wees. Bewese ervaring in Microsoft-programmatuur en syfervaardigheid is noodsaaklik terwyl ondervinding met Winkerk en Sage Accounting 'n aanbeveling sal wees. Goeie menseverhoudings is 'n vereiste en handhawing van vertroulikheid is noodsaaklik. Die posbekleër moet inpas by die etos van die gemeentes en sal oor 'n sterk organisatoriese vermoë moet beskik.

  **Vergoeding:**
  Die salarispakket is onderhandelbaar en riglyne in dié verband is op aanvraag by oudl Gideon Zandberg by 082 367 5789 beskikbaar.

  **Aansoeke:**
  Voornemende aansoekers word versoek om 'n **CV en 'n toepaslike motivering voor 8 Junie** aan **celeste.richards@up.ac.za** te stuur. Onderhoude sal gedurende Junie 2026 plaasvind.


## Vergaderings

- Donderdag 21 Mei — NHKA Pensioenfonds<br>SSF NHKA Bestuursforumvergadering

## Kerklike en ander publikasies






## Kom kyk saam

- Kom kyk saam na ons weeklikse Blitsflits. Hierdie episode is aangebied deur **Rolandi Mc Geer**. Klik ***hier*** vir verlede week se weergawe. Nuwe weergawes verskyn elke Vrydag en is op sosiale media en YouTube beskikbaar.

## ’n Gedig

**Naderende winter**

Die herfs kon ek nooit rym
met treurigheid en dood nie:
daarvoor het die kleuregloed in die bome
en die oorstelpende blou van die lug
my nog altyd te veel verruk.
En die strakheid van die winterbome
laat my sien wat deur digte loof onsigbaar is:
die sierlike skadu’s van hul takke
op gewels wat wit glinster in die son.

Waarom sal ek dan krampagtig vasklou
aan my somerblare
en nie die wisseling vertrou
van die seisoene in ’n menselewe,
my oorgee aan die eb en vloed
wat stu in elke gety
waarvoor net een ding nodig is: die liefde?

**Lina Spies**
www.versindaba.co.za/gedigte/lina-spies/

## Fondsinsamelings en Kerksake

- Die Kerkraad van **Gemeente Benoryn** (Benoni) nooi hiermee alle voormalige predikante, lidmate en belangstellendes hartlik uit om die gemeente se **85ste bestaansjaar** saam te vier. Die viering vind op **24 Mei 2026** plaas met ’n erediens om **09:00**. Na afloop van die erediens sal daar as gemeente saam geëet word. U word vriendelik uitgenooi om ook aan hierdie geleentheid deel te neem. **Vir verdere navrae of om u bywoning te bevestig**, kontak asseblief vir **Corné by 083 391 1368**.

- **Gemeente Delmas** is vanjaar 100 jaar en vier die geleentheid met ’n groot basaar. Kom kuier op **30 Mei** van 08:00 tot 13:00 saam by **Voetspoorfees 2026**. Daar gaan lekker kos en vermaak wees. Pretoria FM kom ons besoek. Dan is daar ou gunstelinge soos ’n koektafel, pannekoek, vetkoek, kerrie-en-rys, heerlike poeding, pap en kaiings, biltong en droëwors. Vir die kinders gaan daar lekker kindervermaak wees. **Kom kuier saam** met ’n koppie koffie of tee.

- **Ons Tuis Riviera** hou op **30 Mei** van 09:00 tot 12:00 ’n **kuierbasaar** by Parkerstraat 105, Riviera. Parkering is beskikbaar by Holokleria Gemeente langs Ons Tuis Riviera. Kom kies en keur tussen ’n verskeidenheid stalletjies en eetgoed.

- Kom neem deel aan **Gemeente Meyerton-Suid** se **potjiekoskompetisie** op **30 Mei vanaf 10:00 tot 16:00** op die kerkterrein. Inskrywings beloop R100 per span van vier persone. Die potjie sal aan hierdie fondsinsamelingprojek geskenk word. As jy nie aan die kompetisie deelneem nie, is **etekaartjies beskikbaar teen R50 per potjie**. Jy kan gerus ook solank jou span inskryf vir die **boeresport**. Inskrywingsfooi is R100 per span. **Kontak gerus vir ds Chantelle Maree by 064 755 0172.**

- **Gemeente Welkom se Wildsfees 2026** vind op **5 Junie** vanaf 17:00 tot 20:00 plaas. Kom smul saam aan heerlike voorgeregte soos wildspastei of wildsvleissosaties, hoofgeregte van wilds- of skaapvleis met sjokolade-brandrissiesous, kersiesous of rooiwynsous en bykosse. Natuurlik is daar nagereg op die spyskaart in die vorm van Jan Ellispoeding met vla. **Goeie kos, goeie wyn, goeie vriende – dis 'n fees!** Kostes beloop R200 per persoon en R80 vir kinders onder 12. **Kontak ds Anel Boshoff** by **antjieels8@gmail.com** vir besprekings.

- **Ons Tuis Seniortuis Dienssentrum** hou op **6 Junie** van 07:00 tot 14:00 hul **Wintermark** by Parkerstraat 105, Riviera. Toegang is gratis!

- Kom speel gholf saam met **Gemeente Welkom**. Hul **gholfdag** vind op **11 Julie** by Brand Mashie Gholfklub plaas. Afslaantye is 08:00 vir 08:30 of 12:00 vir 12:30. Kostes beloop R250 per persoon. **Kontakpersone:** Tristan (063 903 1152), Donna (082 339 0939), ds Anel (082 299 2044) of Karin (072 555 5667).




- **Ons hoor graag van geleenthede by gemeentes**. Stuur asseblief die besonderhede van die fondsinsamelingfunksie, basaar of viering na: **taal@nhk.co.za**.

## SP Engelbrecht-museum







## Toerusting

- **Pastorale beradingskursus: Die digitale impak op kinders en jongmense. Praktiese en pastorale riglyne.** Hierdie kursus vind op Woensdag 10 Junie van 09:00 tot 13:00 via 'n Zoom-aanbieding plaas. Die aanbieder is **prof Wentzel Coetzer**.

  **Akkreditering:** VBO-, CPSC- en AFM PCD-punte
  **Koste:** R300 pp (R45 ekstra vir inskrywings uit Namibië en die buiteland as gevolg van bykomende bank heffings)
  **Handboek te koop (opsioneel):** R370 (R250 plus R120 vir koerier)
  **Navrae:** 083 660 0409 (ook WhatsApp) of e-pos: **wentzelc@gmail.com**

**Volg die kursus op ’n latere datum:** Persone wat nie die betrokke oggend die kursus kan bywoon nie, kan nogtans registreer en dan agterna ’n skakel ontvang om op enige later datum weer die kursus te kan volg.
Klik ***hier*** om vir **die kursus te bespreek**.

## Life Stress Reduction-werkswinkel (LSRW):

**Aangebied deur Yvonne Retief**

YVONNE RETIEF

**Bied jou gemeente meer as net traumaberading. Word toegerus om jou gemeentelede suksesvol te help om stresvolle lewensomstandighede te hanteer.**

**Teikengehoor:** Leraars en ander beraders wat die Basiese Traumawerkswinkel voltooi het.
**Wanneer:** 1-3 Junie 2026 **Waar:** Pretoria (in persoon)
**Koste:** R4 500.00 (Deposito R1 500 om jou plek te verseker)
**VBO-punte: 20**
Kontak ons by: **retief.yvonne@gmail.com** of 072 207 7017

**Bankbesonderhede:**
Yvonne Retief,
ABSA, Tjekrekening,
Rekeningnommer 608165673.
Verwysing: Jou naam en LSRW



***Rus jouself toe om met wysheid, deernis en selfvertroue om effektief bystand te bied.***

## Barmhartigheid

- Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor **seniorbehuising en -versorging**.

## Gebed vir die week

o Here, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde!
U wat u majesteit gelê het op die hemele.
Uit die mond van kinders en suiglinge het U sterkte gegrondves,
om u teëstanders ontwil, om die vyand en wraakgierige stil te maak.
As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers,
die maan en die sterre wat U toeberei het –
wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek?
U het hom 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese
en hom met eer en heerlikheid gekroon.
U laat hom heers oor die werke van u hande;
U het alles onder sy voete gestel:
skape en beeste, dié almal, en ook die diere van die veld,
die voëls van die hemel en die visse van die see,
wat trek deur die paaie van die see.
o Here, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde!
Amen.

**Psalm 8, AFR53**


Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Mariët Robbertze
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Kruger